



## 1 VELKWESSIE PIGMENTASIE + SONVLEKKE

**DIE BEHANDELING:** Broad Band Light (BBL)

**HOE WERK DIT?** Die BBL-behandeling span ligenergie van verskillende golflengtes in om meer as een oppervlakkige velprobleem te takel. Die ligstrale word deur sekere kleurpigmente in jou vel aangetrek en die hitte-energie wat gegenereer word, vernietig die pigmente. Dit stimuleer ook kollageenvorming vir 'n fermere vel en verbeter jou veltekstuur.

**RESULTATE:** "BBL is 'n uitstekende behandeling vir enige vorm van sonskade, dus pigmentasie, sonvlekke en sproete," sê **Yolandé Swanepoel, akademiese hoof van die Isa Carstens Akademie**. Dis ook doeltreffend om gebarste aartjies onder die veloppervlak en chroniese rooiheid wat deur rosacea veroorsaak word, te verminder.

**IS DIT SEER?** Dis beslis nie pynloos nie. Dikwels voel dit soos 'n rekkie wat aanhoudend op jou vel "skiet". Tydens en ná die behandeling sal jou vel warm en sensitief voel. Jou vel kan ook vir 'n dag of twee daarna geswel en rooi wees, of voel asof jy erge sonbrand opgedoen het, sê Yolandé. Vra jou terapeut om vooraf 'n verdowingsroom aan te wend.

**OM TE WEET:** Pigmentasie en sonvlekke gaan eers donkerder word soos jou vel afskilfer, waarna dit binne een tot drie weke ligter sal raak. Jou terapeut sal jou veltoestand individueel evalueer om te bepaal hoeveel sessies jy nodig het vir die beste resultate.

**WAAR OM BEHANDELING TE KRY:** By uitsoek-laserklinieke  
**PRYS:** Vanaf R1 495



## 2 VELKWESSIE AKNEE + VERSTOPTE PORIEË

**DIE BEHANDELING:** SilkPeel  
**HOE WERK DIT?** Tydens 'n SilkPeel-behandeling word 'n toestel gebruik wat tegelyk drie take verrig: Eerstens bevat die toestel se handstuk 'n growwe skuurpunt wat jou vel afskilfer soos wat die terapeut die handstuk oor jou vel beweeg. Tweedens verrig die punt 'n suig-aksie wat dooie selle en onsuiverhede van die vel af opsuig. Laastens word 'n serum met 'n hoë konsentrasie aktiewe bestanddele by die vel "ingespuut" sodat dit dieper penetreer.

**RESULTATE:** Hoewel 'n SilkPeel verskeie velkwessies kan

behandel, is dit veral doeltreffend om 'n probleemvel te verbeter omdat dit jou porieë behoorlik reinig en bestanddele in jou vel inspuut wat verdere infeksie teenwerk, sê Yolandé.

**IS DIT SEER?** Die behandeling is glad nie seer nie en is veilig om op enige veltepe te gebruik.

**OM TE WEET:** Yolandé beveel vier tot ses behandelings elke twee tot vier weke aan.

**WAAR OM BEHANDELING TE**

**KRY:** By die Isa Carstens Wellness Sanctuary op Stellenbosch.

**PRYS:** R650



## 3 VELKWESSIE FYN LYNTJIES, VERLIES AAN FERMHEID + VERGROTE PORIEË

**DIE BEHANDELING:** Kalahari MNPen-mikronaaldbehandeling (*microneedling*)

**HOE WERK DIT?** Dié behandeling staan ook bekend as kollageen-induksietherapie. 'n Toestel wat lyk soos 'n pen met fyn naalde word oor jou vel beweeg om mikrogaatjies te maak. Dit prikkel jou liggaam se natuurlike herstelproses, wat jou vel stimuleer om nuwe kollageen en elastien te vervaardig. Daarby laat die mikrogaatjies bestanddele wat tydens die behandeling gebruik word, beter na die dieper lae van jou vel penetreer.

**RESULTATE:** Mikronaaldbehandeling help om fyn lyntjies te verminder, porieë kleiner te laat lyk en om bv. die voorkoms van akneeletsels te verbeter. Jou vel lyk ook plomp, ferm en stralend vir 'n week of twee ná die tyd.

**IS DIT SEER?** Die mikronaalde se lengte wissel van 0,5 mm tot 1 mm en word aangepas na gelang van die toestand van jou vel. Hoe dieper die naalde penetreer, hoe seerder raak die behandeling. 'n Verdowingsroom kan voor die tyd aangewend word.

**OM TE WEET:** Vel is dikwels vir 'n paar ure ná die tyd rooi en sensitief. Vier tot ses sessies, ses weke uit mekaar, lewer die beste resultate.

**WAAR OM BEHANDELING TE KRY:** By uitsoeksalonne en -spa's wat Kalahari-behandelings aanbied. Besoek [kalaharilifestyle.com](http://kalaharilifestyle.com) vir 'n lys van verskaffers.

**PRYS:** R800

### PASOP!

Besoek 'n gekwalifiseerde en ervare terapeut en laat altyd minstens vier weke tussen behandelings toe om oorstimulasie en die vorming van letsels en hiperpigmentasie te voorkom